# BLOEDSPOOR OOR DIE KRANSE



deur Braam Le Roux

TEMMERS VAN DIE WOESTYN Nº 35

# INHOUD


| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| I | Kloof van die dood ... ... ... ... | 5 |
| II | Die vyand wys tande ... ... ... ... | 20 |
| III | Koeëls en Boesmanpyle ... ... ... | 35 |
| IV | Die skat van Gustav Steiner ... ... ... | 49 |
| V | Die einde van 'n kliphuis ... ... ... | 59 |
| VI | Die sluipmoordenaar ... ... ... ... | 70 |
| VII | Die lot van Dr. Metz ... ... ... ... | 85 |
| VIII | Laaste skote ... ... ... ... ... | 96 |

## HOOFSTUK I

# KLOOF VAN DIE DOOD

MET sy verkyker in 'n leertassie aan sy sy en geweer in die hand stap die bejaarde maar frisgeboude Gustav Steiner by die voordeur van sy klipfortjie van 'n huis uit en knip-knip 'n oomblik sy oë in die skerp son wat die rotse in die Visrivierkloof reeds vuurwarm gebak het.

„Waar gaan vader nou heen?" 'n Aanvallige 25-jarige blonde meisie verskyn agter hom in die deur. Haar gesig is bruin gebrand van die Kloof se son, maar daar is 'n gesonde blos op haar wange en haar donkerbruin oë flikker lewendig onder die rand van haar kappie uit.

„Ag, Bertha, ek was lanklaas daar bo by die Dassievanger se nes. Die eiers moet nou al uit wees en ek wil gaan kyk. Ek moet my aantekeninge aanvul want een van die dae kom my ou vriend Adolf Metz vir my kuier en dan wil ek hom verras met my notas."

„Vader, ek hou niks daarvan dat u alleen tot so ver in die kloof opgaan nie. Louis Marat en . . ."

Die oubaas kyk haar vererg aan. „Jy het daardie droster op jou brein, my kind. Hy sal dit nooit waag om sy gesig hier te kom wys nie en nog minder sal daardie Bondelswart-kaptein, Moses Berg, by wie Louis gaan inkruip het, dit in hierdie doolhoof waag. Marat is al meer as drie maande hier weg en as hy iets wou probeer aanvang . . ."

„Vader vergeet sy verskriklike dreigemente nadat u en Hans hom die dag die vel van die lyf af geslaan en die Kloof uitgejaag het om, soos Hans dit uitgedruk het, soos 'n rot tussen hier en die Groot Karasberge van honger en dors om te kom.' Ons weet dat Marat nie gesterf het nie, en dat hy 'n klompie dwalende Boesmans raakgeloop het en dat hulle hom veilig by Moses Berg besorg het."

„Ja, en eendag is eendag wanneer ek sal sorg dat ons al die ivoor en velle wat Marat onder ons neuse gesteel het om vir Moses Berg en sy klomp rowers te verkoop, terugkry en . . ."

„Vader," val Bertha die opstuwende oubaas vinnig in die rede, „gaan liewer môreoggend, dan stap ek saam.

Vanmôre het ek te veel werk want Hans-hulle kan enige oomblik opdaag. Ek verwag hulle al die hele week. As . . ."

„Ek is sat van stilsit en niksdoen," brom hy. „Ek sal die Dassievanger en haar nes van die oorkantste kranse af deur my verkyker beloer, Bertha. Daar is 'n maklike klimpad tot hoog tussen die kranse. Tag," en hy glimlag effens, „waar was die dae toe ek met gemak selfs tot by die voël se nes sou kon klim? Dit lyk my regtig ek word oud," en met 'n waai van sy hand, stap hy met mening die stoep af en vleg tussen die klippe deur al in die Kloof op.

Bertha kyk hom agterna totdat hy buite gesig verdwyn en daar is 'n swaar frons op haar voorkop. Haar oë dwaal na die voet van die kranse reg oorkant die huis waar 'n bronsplaat op 'n rots die laaste rusplek van Martha Steiner, Bertha se moeder, aandui. Dis waar, sy mis haar moeder darem baie. Daar is dae wanneer die wêreld vir haar amper te nou word hier in die Kloof tussen al die mans—almal haar vader se ou vriende, jagters en, nou se dae, ivoorstropers. Van wat sy hier en daar uit hul gesprekke opgevang het, is sy oortuig daarvan dat byna almal van hulle se hande al met bloed bevlek is. Wat sy gaan doen as haar vader eendag moet sterf—daaraan wil sy liewer nie dink nie. Miskien ook maar vrybuiter word en leier van haar vader se klompie woestaards.

Terwyl Bertha so in die deur staan en mymer, stap Gustav met flinke pas voort. Hy wonder wanneer Hans Mann en die res van hul jongste tog terug sal keer. Hy hoop maar hulle het 'n goeie oes aan ivoor gemaak. Ivoor! Gustav Steiner se verbeelding neem wilde vlugte. Waar is daar iets skoners, mooiers en heerliker om te besit, te betas en te bevoel as ivoor? Ivoor, die „wit goud" van Afrika.

Hy gryns skielik as hy aan sy ivoorskat dink, die bêreplek waarvan hy alleen weet, hy en die ou blinde baster-Boesman wat, sodra die manne met hul „oes" opdaag, sy deel in die nag in 'n sekere grot insleep—'n grot verskuil deur rotse voor die bek so kunstig gepak dat 'n man oor die grotbek kan val sonder om dit te sien.

Hy hoor perdepote en 'n ent in die Kloof op en die volgende oomblik verskyn vyf ruiters op 'n streep langs die rivierloop.

Gustav glimlag. Dis sy vrybuiters wat huis toe kom. Die buit met die wa of waens het hulle natuurlik op die ou



plek versteek—'n groot arena van 'n grot in 'n klein dwarsklofie naby die ingang na die Kloof.

Die ruiters gewaar hom en waai met hul hoede.

„Welkom tuis," begroet Gustav hulle toe hulle voor hom stilhou en van hul perde af spring. „H'm, ek sien julle is almal hier," spot hy.

„Ja, maar met slegte nuus," sê Hans Mann, 'n ietwat gesette kêrel maar by die ses voet lank, met 'n gesig wat die Suidwes-son letterlik vaal gebrand het.

„So?" Gustav kyk hom vraend aan, uiterlik die kalmte self.

„Ja, danksy daardie vuilgoed van 'n verraaier Marat en sy vriend Moses Berg," en Hans Mann spoeg behoorlik op die naaste klip dat die speeksel sissend op die warm rots neerspat.

„Ons het 'n oulike vraggie ivoor en seekoeisambokke en velle gebuit by Bruckhardskop waar ons 'n paar ou jagters aangetref het wat in Ovamboland gejag het," merk 'n klein mannetjie met een skeel oog vinnig op. „Ons het net hul voorrade afgeneem en hulle maar laat gaan," vervolg hy, „en wat kry ons vir die genadedaad? 'n Week later sluip Moses Berg en Marat se volgelinge een aand op ons af en ek sweer jou voor, Gustav, dit was naelskraap of ons het in die slag gebly."

„Ja," hervat Hans, „as Wilhelm met sy skeel oog nie laat by ons laer gekom en byna in die moordenaars vasgery het nie, was ons vandag almal lyke. Ons het uitgejaag met net ons velle aan, kan jy maar sê."

„Nog iets?" Gustav kyk sy manskappe beurtelings vraend aan.

„Ja," sê Hans, „ons strooptogte word al hoe minder winsgewend want danksy Moses Berg se ivoorstelery, begin die jagters nou hierdie wêreld op hul terugreise vermy. Hulle verkies blykbaar die Kalahari bo hierdie geweste en ek blameer hulle ook nie, hoor. Ek sou dieselfde doen. Om jou ivoor te verloor, is al erg genoeg, maar om dan boonop voor die voet uitgemoor te word soos Moses Berg en sy mense doen, is te erg. Ons skiet net in selfverdediging," voeg hy ewe vroom daarby.

„Gaan huis toe," gelas Gustav saaklik. „Bertha verwag julle. Ek kom later. Vanaand kan ons sake bespreek. Moses Berg en Marat moet uitgeroei word, dis kort en klaar," en met 'n kortaf groetgebaar met sy hand stryk

Gustav aan, uiterlik nog kalm, maar van binne kokende soos 'n seeppot.

So omgekrap is hy oor die jongste nuus en nog meer oor die feit dat daar geen ivoor is om by sy voorraad te voeg nie, dat hy soos 'n blinde koers kry, kloof op.

Kort duskant die klippilaar wat Gustav laat aanbring het as sy „baken", steek hy vas, plaas die verkyker voor sy oë en begin die kransmassas bestudeer. Al gou het hy die Dassievanger se rots waarop die nes geleë is, onder oë. Nadat hy dit 'n ruk lank betrag het, stap hy na regs en begin die kranse uitklouter om die nes behoorlik van die oorkant af te bestudeer. Terwyl hy klim, merk hy dat die voël met 'n dassie in sy kloue op sy nes anderkant neersak—'n teken dat die kuikens al taamlik lank uit moet wees.

Terwyl hy klim, bly sy gedagte maar by die jongste slegte nuus. Gelukkig ken hy hierdie paadjie al uit sy kop en hoef hy nie te veel aandag aan die klimmery self te gee nie. Jaar na jaar bestudeer hy die paar voëls en hul nesmakery. Hy vind dit uitstekende afwisseling, veral wanneer sy manne op jag uit is en hy en Bertha soms 'n paar maande lank alleen in die Kloof sit.

Hy is later ietwat hoër as die nes aan die oorkant en strek hom op 'n plat rots, sy ou lêplek, op sy maag uit, verkyker voor die oë en sy geweer langs hom.

Agter Gustav verskyn ineens 'n slaprandhoed, gevolg deur 'n paar oë wat tot skrefies getrek is, 'n gekromde neus en 'n dun mondjie waarvan die lippe styf opmekaar geklem is. Die blas gelaat van die spioen is nat van die sweet maar die paar oë wat stip na Gustav staar, vonkel lewendig, boosaardig soos dié van 'n adder. Sy regterhand beweeg na sy sy en hy trek 'n rewolwer uit wat hy egter voor aan die loop vasvat. Hy is nie so onnosel om te skiet nie. Die klank van 'n skoot trek baie ver in die Kloof en buitendien, het hy dan nie kort gelede Gustav se vrybuiters gewaar nie? Hy is net bevrees die man sou saam met sy mense omdraai en dan sou hy, die spioen, nog wie weet hoeveel dae hier moes skuil totdat Gustav sou besluit om weer na die nes te kom kyk. Bedags kon dit nog gaan, maar snags moes hy sy vuurtjie so verskuil dat dit nie gesien kon word nie en hy kon beswaarlik waag om in sy grotjie te slaap want die klowe wemel van die bloedsuier-luiperds, en dodelike reptiele, insekte en spinnekoppe.



Maar terwyl hy sy eertydse leier se gewoontes ken, het Louis Marat met die geduld van 'n Boesman self sy prooi ingewag en eindelik is sy geduld beloon.

Gustav lig die verkyker van sy oë af om hulle bietjie te laat rus. Skielik val 'n skaduwee van agter voor hom op die rots. Hy skraap sy geweer en blik vinnig om, net toe Marat se rewolwerkolf hom teen die skedel tref en alles swart word voor sy oë.

Toe hy tot sy sinne kom lê hy vasgebind in 'n rotsklofie, een van die talle uitlopers van die Groot Kloof. Om hom staan 'n klomp Hottentotte met Louis Marat op die voorpunt en langs hom 'n kort gesette maar gespierde Hottentot. Toe hy die handbyltjie aan die bruine se sy sien, weet Gustav dadelik dat dit niemand anders as die gevreesde kaptein Moses Berg, bygenaamd Moses „Byl" is nie. Sy bynaam het hy gekry omdat hy altyd sy handbyltjie gebruik wanneer hy 'n vyand die genadeslag wil gee.

„So, Gustav Steiner," spot Marat, „eindelik het ek jou."

„Ja," las Moses Berg, „en as my soldate nie so lomp was nie, was jou manskappe ook almal uitgeroei. Hulle het jou seker vertel, nè? Hulle het vir my 'n boodskap gestuur en as hulle terugkom, sal my handbyltjie weer praat onder hulle," spot hy met 'n luide lag.

Gustav lê hulle roerloos en aankyk maar sê geen woord nie.

„Steiner," sê Marat, „ek hou woord, nè? Onthou jy nog wat ek gesê het nadat jy en Mann my so geslaan het? As . . ."

„Witman," sê Moses knorrig, „jy praat te veel. Steiner," vervolg hy brutaal, „ons sal jou lewe spaar as jy ons jou ivoorskat gee. Praat gou. Ek is haastig om na my stat terug te gaan."

„Wel, Steiner?" vra Marat agterna. „Hoe lyk dit?"

„Julle kan gaan bars," snou Gustav hulle woes toe.

„Brand sy voete," gelas Moses skerp.

In 'n kits is Gustav se skoene uitgepluk en lê hy met sy kaal voete in die warm kole van 'n vuurtjie langsaan, terwyl die Hottentotte hom styf op die grond vasdruk.

Hy kreun en verloor sy bewussyn.

Toe hy bykom, sê Moses: „Waar's jou ivoorskat?"

„Gaan bars," kreun Gustav dit uit.

„Goed," sê Moses, „dan moet ons jou afslag, dis al," en hy pluk sy jagmes uit en begin dit op 'n rots skerp te maak.

. . . . . .

Die swart hings smelt mooi saam met die skaduweekol van die haak-en-steekbos waaragter Kobie Ras roerloos op Donker se rug sit en kyk hoedat 'n rooikat besig is om oor die sand 'n trop tarentale te bekruip. Daar die son al laag sit, hou Kobie sy een hand voor sy oë sodat hy die bekruipery mooi kan gadeslaan.

Die rooikat het skynbaar een tarentaal in die oog wat 'n entjie van die trop af heerlik in die sand, half op sy sy, lê en rol en sy vere kort-kort 'n skud gee dat die stoffies so uitwalm. Terwyl die roofdier duim vir duim nader seil, hou Kobie sy geweer reg. Sodra die kat die voël het, wil hy hom skiet en die voël sowel as die kat se vel kamp toe neem.

Die kat, nou naby genoeg om 'n sprong te waag, trek sy spote effens onder hom in om behoorlik vas te skop. Op dieselfde oomblik skreeu 'n paar voëls daar naby 'n paar soutbosse en die hele trop, die sandbaaier inkluis, vlieg skellende die lug in terwyl die rooikat, blykbaar van skone moedeloosheid, tog 'n sprong in die wind waag.

Instede van te skiet, bly die ruiter roerloos op sy perd sit. Daardie trop voëls het vir iets geskrik, en hy wil vasstel wat dit is. Rooikatte is volop en daar is dus geen haas om juis nou een plat te trek nie.

Kobie, hand voor die oë, sien iets roer agter die soutbosse. Hy staar stip na die plek, maar kan eers nie uitmaak wat dit is nie. Toe skielik kap hy Donker liggies in die lieste met 'n „kom, my perd!" Die swart hings vlieg hier agter die bos uit dat die sand in twee vaal strepe agter hom uitslaan en hy lê die kort afstand na die soutbosse met enkele hale af.

Donker staan skaars of Kobie wip van sy rug af. Die man hier aan sy voete wat hande-viervoet vorentoe probeer kruip, is skynbaar onbewus van die ruiter. Sy oë is bloedbelope en hy staar soos 'n blinde voor hom uit, terwyl sy dikgeswelde tong by sy gebarste lippe uithang. Sy knieë onderkant die kortbroek is rou geskaaf van die kruipery en sy hande en arms vol skrape en steekplekke van takke, bossies en dorings.



Kobie verwens homself dat hy nie water saamgebring het nie, maar hy is maar 'n myl of wat van die kamp af en wie het nou kon droom dat hy 'n mens, byna dood van dors, hier sou aantref?

„Kom vriend," sê hy sag, pak hom onder die arms en trek hom op sy voete. Hy dreig egter om te val en Kobie is verplig om hom vas te hou en half op Donker se rug op te stoot—geen maklike taak met so 'n slap liggaam nie, en daarby een wat 'n taamlike gewig het. Die vreemdeling mompel aanhoudend, maar onverstaanbaar.

Toe Kobie in die saal sit, met sy arm om die man, laat swenk hy Donker om en laat hom ooplê ál met die rivierloop se oewer langs, terug kamp toe.

'n Halfmyl van die kamp af sit 'n meisie op 'n bruin perd met 'n spierwit bles en kyk die aanstormende Kobie, wie se swart hings sy dadelik herken, met gefronste wenkbroue aan. Toe sy egter die verkyker op hom rig, trek sy haar asem skerp in.

„Weg wees, Fleur," gelas sy die perd wat nie 'n sekonde op hom laat wag nie, maar soos die wind oor die sandgrond seil.

Kobie trek sy perd net lank genoeg in om te sê, „Hannah kom verpleeg," toe lê die swarte weer oop met die bruine op sy hakke.

Albert Beyers, sy vrou Susie en sy sewentienjarige dogter, Netta, wat besig was om die trop trekvee by die takkraal se hek in te druk, kyk aldrie vinnig om toe hulle die geklap van perdepote langs die rivier hoor.

„Ag," mompel die dikke Albert, „dis weer daardie twee malles wat resies jaag. Hulle gaan hulle nog verongeluk, dis seker."

Susie lag. „Albertus ek wonder hoeveel keer jy dit al op hierdie jagtog gesê het."

„Dalk het oom Kobie en tannie Hannah in 'n trop dwalende Hottentotte vasgery," merk Netta wysgerig op. „Loop Horingman," sê sy vir die os hier voor haar en raps hom met die tak in haar hand op sy stofoortrekte vel.

Die skrale Frik Uys, mede-grootwildjagter saam met Albertus, wat 'n entjie laer af besig is om die perde in hulle kraal te versorg, gewaar eerste die slaphangende man voor by Kobie op Donker se rug en skreeu vir Albertus : „Ek sê,

Bertus, daar's onraad," en hy rek sy lang bene na die waens toe sodat sy ferweelbroek 'n harde sjor-sjor-geluid maak.

Almal gewaar nou die figuur op die perd en draf-stap na die waens wat in 'n kring op die rivieroewer getrek is. 'n Paar mans wat oorkant die rivier op 'n stappie te perd aangery kom met hul gewere blinkende in die laat namiddagson, gewaar die skielike beroering by die waens en pluk hul perde op 'n galop.

„Ek hoop nie dis slegte nuus nie," skreeu Jaap Esselen vir sy maats langs hom. „Kobie Ras en daardie bruinoognooi van hom het die sterkste aantrekkingskrag vir sonde en moeilikheid wat ek nog aanskou het."

„Dis jou lewer wat jou so swartgallig maak, Jaap," spot die jong Herklaas Fourie skuins agter hom.

„Ry vinniger," jaag die ander twee hulle van agter af aan, en raps hul perde liggies met die hakke.

Hannah, wat as die mees ervare verpleegster onder die vrouens beskou word, gee links en regs bevele terwyl sy Kobie gelas om die ylende man inderhaas neer te lê op 'n matras wat een van die meisiekinders uit 'n wa gehaal het.

Jaap Esselen, afkomstig doer uit Upington se wêreld, het Hannah 'n bottel perskebrandewyn in die hand gestop. „As hy dit kan sluk, sal hy die paal haal, niggie," voeg hy by.

Lepeltjie vir lepeltjie sukkel Hannah die vog in.

Dit was egter al lankal donker en die kampvure het groot gebrand voordat die vreemdeling sodanig by sy positiewe kom dat hy weer mense en voorwerpe kan herken.

„Waar is ek?" vra hy en kyk verdwaas op na die kring vreemde gesigte om hom in die flikkerende kampvuurlig.

„Heeltemal veilig en by vriende," sê Hannah met 'n innemende glimlaggie. „Jy gaan nou rus en môreoggend, as jy weer pure perd voel, Meneer, kan ons lekker gesels."

„Ek . . . het verdwaal . . . my perd is deur 'n slang gebyt en . . ." maar hy sukkel so om sy woorde uit te kry, dat Hannah hom skerp gelas : „Nie 'n woord meer nie. U gaan nou slaap. Môreoggend is tyd genoeg om te gesels."

. . . . . .



„En wat het jy daar in die sak?" vra Hannah toe Kobie met sonop by die kamp aankom wat hy kort voor dagbreek verlaat het.

„Dit moet die vreemdeling s'n wees. Hoe gaan dit met hom?" vra hy terwyl hy die saal van Donker se natgeswete rug afhaal en hom met 'n ligte klappie teen die nek wegstuur.

„Feitlik perdfris, jong. Hy is nou besig om saam met die res ontbyt te nuttig. Hy wou ons vertel wat gebeur het, maar op my versoek het hy besluit om te wag totdat jy ook terug is. Hy was so dankbaar toe hy verneem dat jy weg is om te gaan kyk of jy nie dalk van sy goed raakloop nie."

„Ek dink hy is 'n wetenskaplike, Hannah," sê Kobie terwyl hulle aanstap na waar die geselskap sit en eet. „In hierdie waterdigte sak is notaboeke vol aantekeninge. Dis in Duits en ek verstaan daar niks van nie, maar daar is talle pragtige tekeninge van voëls oral in die boeke . . ."

„My notas!" Die vreemdeling gil behoorlik die twee woorde uit toe hy Kobie met die sak gewaar, spring van sy kassie af op, loop sy beker koffie skoon onderstebo en storm met albei hande uitgestrek na Kobie toe.

Kobie en die res lag terwyl Kobie sy tas aan hom oorhandig.

„Ek het in die sak geloer," sê hy toe hy saam met die res weer gaan sit, „maar al wat ek kon uitmaak, is die naam voor in die een notaboek : dr. A. Metz, Windhoek."

„Iets van my dierbare Dorffman—dis my perd—gewaar?" vra hy toe Susie Beyers hom weer 'n koppie koffie reik en Hannah vir Kobie 'n sissende bokribbetjie van die kole af aanbied.

„Ja, 'n halfmyl vanwaar u op hande en voete begin kruip het," sê Kobie. „Die aasvoëls en jakkalse het nie veel oorgelaat nie, dr. Metz."

„Maar vertel ons waarheen u op pad was of is, doktor," merk Frik Uys doodnuuskierig eenkant op.

„Eers baie dankie sê aan dié vriend," en hy kyk Kobie met sy groot, skerp, donker oë aan, „wat, na ek verneem, my lewe gered het. Mnr. Ras, ek kan u nooit . . ."

„Dr. Metz, u moet dankie sê vir 'n rooikat wat, terloops, deur u skielike verskyning, 'n vet tarentaal misgeloop het. As die kat 'n halfminuut eerder die tarentaal bekruip het, sou ek hom geskiet het en net daar omgedraai het en u dalk